Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 3

2 Februarie 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor juffrou Stassen en haar familie met die heengaan van 'n geliefde familievriend verlede week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

ATTIE VAN WYK-BYEENKOMS : 3 FEBRUARIE 2024
Hartlik geluk aan die onderstaande atlete wat Laerskool Newtonpark môre, 3 Februarie, by die Attie van Wyk-atletiekbyeenkoms gaan verteenwoordig:

Meisies o/8	Meisies o/9	Meisies o/10	Meisies o/11	Meisies o/12	Meisies o/13
Milan Geldenhuys	Libby Blumenthal	Emma Bester	Ruzanne de Goede	Elizabeth Daniels	Emma Cloete
Nina Kloppers	Miani Erasmus	Leah Bester	Crislynn Hendricks	Mieke Rossouw	Chemonique du Toit
		Robin Klinck	Iane Jukel	Lisa Scheepers	Chené Koekemoer
		Isabella Mitchell	Inge Jukel	Kaylee Swanepoel	Ingrid Rossouw
		Kendall Pheiffer	Liane Nieuwenhuizen	Miane Taylor	Chanel Schoultz
		Maryke van Vuuren	Jessica Smith	Danielle Vermaak	Chloe Schoultz
		Denelle Wolmarans	Lacey van Rensburg	Kaitlin Vermaak	Mia Thompson
		Charlene Wright			

Seuns o/8	Seuns o/9	Seuns o/10	Seuns o/11	Seuns o/12	Seuns o/13
Ethan Booysen	Franco Louw	Valdimar Freitag	Liam Bester	Daniel Botha	Billy Daniels
Marc Jukel	Ludré Nel	Kean Kloppers	Joshua Blumenthal	Benn de Wit	Jordan Hendricks
		Gareth Victor	Riano Botha	Büchner Ferreira	Fourie le Grange
			Roelof Campher	Stefan Hart	Danie Myburgh
			Elmer Kloppers	Sebastian Kapp	JC Nortman
			Partick Oosthuizen	Hendrik Labuschagne	Nathan van der Mescht
				Alex Steyn	James Watson
					Keagan Coutts

Sterkte aan elke atleet wat gaan deelneem. Ons vertrou dat julle slegs julle beste op die veld sal lewer en die vrug daarvan sal pluk, met goeie resultate.

OOV/KLASVERTEENWOORDIGERS 2024
Baie geluk aan die onderstaande ouers wat tot die volgende ampte tydens die OOV/Klasverteenwoordiger vergadering gehou op Woensdag, 31 Januarie 2024 verkies is.

Voorsitter: Mev. Sulene Camarinos
Onder-Voorsitter: Mev. Jeanette Scheepers
Sekretaresse: Mev. Liezl van Niekerk

BENODIGDHEDELYSTE EN KALENDER 2024
Die benodigdhedelyste vir 2024 vir graad R tot 7 sowel as die nuutste kalender van 2024 is op die D6, geplaas. Let wel dat datums en tye van aktiwiteite onderhewig aan verandering is.

KUNSKLUB
Ons is nog op soek na ‘n juffrou vir die Kunsklub. Ons sal u as ouers laat weet sodra ons al die inligting het.

SNOEPIE-HULP
Die snoepie maak staat op ouerhulp. Persone beskikbaar kan Christa Slabbert by 076 6873 699 skakel.

EKSTRA WEEKLIKSE KRIEKET OEFENSESSIES OP MAANDAE
Daar sal van eerskomende Maandag, 5 Februarie, gratis ekstra krieket oefensessies vir die 0/11 krieketspelers onder leiding van Mnr. Lance Impey by die sportgronde van **17:00 – 18:00** plaasvind. Indien u belangstel kan u direk met Mnr. Impey op 0825779099 kontak maak.

SKOOLTASSE
Ons graad 1-leerlinge moet van die skool se voorgeskrewe tas gebruik maak. Ons het navrae in verband met die koop van nuwe skooltasse ontvang en wil bevestig dat **indien u vir u kind in graad 4 en hoër ‘n nuwe skooltas in die toekoms wil aanskaf, maroen, swart en donkerblou die enigste kleur skooltasse is wat aanvaarbaar is. Die sportsakke mag slegs dié wees wat by die skool se klerewinkel aangeskaf kan word.**

BEHEERLIGGAAMVERKIESING: DONDERDAG, 7 MAART 2024
Ons huidige beheerliggaam se termyn kom in Maart tot ‘n einde. Ons bring dit solank onder u aandag dat die verkiesing van die nuwe beheerliggaam op **Donderdag, 7 Maart 2024** gaan plaasvind. Teken solank die datum van die belangrike verkiesing in u dagboeke aan. Die amptelike kennisgewing sal vroeg volgende jaar op D6 geplaas word.

Volledige inligting rakende die verkiesingsprosedure sal u ook vroeg volgende week bereik!

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2024 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 ‘n 5% korting.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK



Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 5 Februarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** **NETHEIDSINSPEKSIE** **Didaktiese klasse begin**
Di – 6 Februarie	:	Senior Koor : **07:25 tot 08:00** Krieket : 0/13B teen Sunridgepark D **(t)** Krieket : 0/9 A+B teen Verkenner **(t)** Tennis: Snr. A Seuns – **Loslootjie** Tennis: Snr. B Seuns teen Westering A **(t)** Tennis: Snr. C Seuns teen Mount Pleasant **(w)** Tennis: Jnr. A Seuns teen Summerwood **(w)** Tennis: Jnr. B Seuns – **Loslootjie**
Wo – 7 Februarie	:	Junior Koor : **07:30 tot 08:00** Klerewinkel : **12:00 tot 14:30** Krieket : 0/13A teen Frans Conradie A **(t)**
Do – 8 Februarie	:	Senior Koor : **07:25 tot 08:00** Krieket : 0/11A teen Handhaaf A **(w)** Krieket : 0/11B teen Willow Academy A **(t)** Tennis: Snr. A Meisies teen St. George's B **(w)** Tennis: Snr. B Meisies teen St. Joseph's **(t)**

Vr – 9 Februarie : Junior Koor : **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel : **07:30 tot 12:00**
Kennisgewing van beheerliggaamverkiesing

SPORT EN KULTUUR

KRIEKET : SIX-A-SIDE FRAMESBY TOERNOOI

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
18-20 Januarie	0/13A	Lorraine	LNP verloor met 18 lopies
18-20 Januarie	0/13A	Altona	LNP wen met 23 lopies
18-20 Januarie	0/13A	Kabegapark	LNP verloor met 10 lopies
18-20 Januarie	0/13A	Charlo	LNP met 6 lopies
18-20 Januarie	0/13A	Sunridgepark	LNP wen met 8 lopies
18-20 Januarie	0/13A	Verkenner	**Plaat semi-finaal**: Verloor met 2 lopies

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
27 Januarie	0/13A	Handhaaf	Handhaaf kolf eerste en behaal 162 lopies in 30 beurte. LNP kolf tweede en kon nie die lopies behaal nie en is almal uit. Daar was wel puik spel deur JC Nortman wat 4 paaltjies geneem het en slegs 13 lopies af gestaan het. Hy het ook 2 vangskote geneem.
30 Januarie	0/9A	Lorraine	LNP teken 27 lopies aan en verloor 3 paaltjies. Lorraine teken 23 lopies aan en verloor 4 paaltjies. LNP wen 9 teenoor 5.75
30 Januarie	0/9B	Lorraine	LNP teken 26 lopies aan en verloor 4 paaltjies. Lorraine teken 15 lopies aan en verloor 7 paaltjies. LNP wen 6.5 teenoor 2.14
31 Januarie	0/13A	Grey C	Grey kolf eerste en teken 188 vir 8 paaltjies aan. LNP kolf tweede en het ongelukkig nie die telling behaal nie. Daar was wel goeie spel deur JC Nortman. Hy het 4 paaltjies vir 15 lopies geneem.
31 Januarie	0/13B	Astra A	LNP kolf eerste en teken 44 lopies aan en verloor 4 paaltjies. Astra kolf 2de en neem 3 paaltjies. Ongelukkig het Astra 1 lopie meer aangeteken. **Beste bouler:** Stefan Spinks
1 Februarie	0/11A	Charlo	LNP het baie hard geveg maar het met 7 paaltjies verloor. Daar was ook goeie spel deur Jayden Gouws. Hy neem 1 paaltjie vir 6 lopies.

TENNIS : JEFFREYSBAAI

Op Woensdag, 24 Januarie en 31 Januarie het ons twee tennisspanne (senior seuns en meisies) onder leiding van Mnr. Lance Impey vriendskaplik teen Jeffreysbaai gaan deelneem. Dit was ‘n leersame ondervinding vir elke speler en nuwe “sport-bande” is gesmee.

TALENT AFRICA : OP-KLEURE 2023

Jessica Smith in graad 5S het gedurende 2023 aan verskeie kompetisies met haar dansskool, Limitless Dance Studio deelgeneem. Sy het deurlopend uitstekend presteer met haar “Hip-Hop” en sodoende haar OP-kleure verwerf. Hartlik geluk, Jessica!